

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

NATSTE SEISOEN IN DEKADES



Weerprofete het voorspel dat hierdie seisoen se reënval bogemiddeld gaan wees en reënvalsyfers wys dit ook. Soos een boer tereg opgemerk het, "dis net water waar jy kyk". Heilbron-dorp se reënmeter is al naby die 500mm merk en syfers in die distrik is selfs meer. Daar is boere rondom Hoogte-omgewing wat Nuwejaarsdag 140mm reën gehad het. Landerye is deurdrenk en op plekke het gewasse versuip. Twee weke se sonskyn kan nou wondere verrig. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie

42 ELS STREET, HEILBRON, 9650 ☎ 058 853 0006 📞 064 988 6079

POSTNET
Courier**R99** Incl. Vat**0-5kg Countrywide**
Delivery within 2 - 3 working days*
Over 300 locations*Heavy parcel orders subject to sorting times
Mon-Fri 8am-6pm, Sat 8am-4pm, Sun 9am-4pm
Not for delivery to remote areasPOSTNET  POSTNET**BKB**
LOUWID**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**Vir kraalbesprekings en inskrywings****skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**

Postbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071

E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

www.bkb.co.za

Reg. No: 2005/026175/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

BOERE OOK BEKOMMERD OOR REËN

Die Uniefesdam het vir die eerste keer in 2020 die naweek van die 12de Desember water oor die wal gestoot en sedertdien het die water nog nie opgehoo loop nie. Die afgelope naweek het die dam sterk oor die wal gestoot en nie net die eerste brug by die spuit het oorspoel nie, maar ook die brug op die pad na Senwes. Die Kliprivier tussen Heilbron en Frankfort was in vloed met die nuwe jaar, sien die foto op die voorblad geneem deur André Pretorius 3 Januarie 2021. Vrystaat Landbou (VL) sê

dat die meeste boere in die Vrystaat dankbaar is oor die goeie reën wat die afgelope tyd in die provinsie voorgekom het, maar saam met die reën kom ook verskeie uitdagings. Skade kan aanigerig word aan oeste en paaie word beskadig. Die organisasie het 'n opname gedoen met die VL-streekverteenwoordigers en meeste distrikte het bo-gemiddelde reën ontvang. Volgens Koot Naudé, streekverteenwoordiger in die Ngwatho-distrik, is daar nie tans vloedskade in die gebied nie, alhoewel sekere landerye erg

verspoel het. Naudé vertel ook dat daar op sekere dele nog sonneblom aanplantings gedoen moet word, maar dat die nat toestande dit nie nou toelaat nie. 'n Groot bekommernis is egter die toestand van paaie in die distrik. "Die toestand van paaie het nog meer versleg en sommige dele van paaie is heel onbegaanbaar." sê Naudé. Verskeie Heilbronniers vertel dat hulle vir die afgelope twee weke elke aand 'n bietjie reën ontvang en stroompies water loop nog lank nadat dit in die dorp gereën het. Die Nketoana-distrik, met dorpe

soos Reitz en Lindley, het oor die naweek alleen reeds 100mm ontvang. Volgens Nollie Steyn, VL-streekverteenwoordiger vir die distrik, is daar nog heelparty boere wat koring moet stroop. Ook in dié distrik is die toestand van paaie nou 'n groot probleem.

Sommige uittreksels van mediaverklaring, Vrystaat Landbou, 6 Januarie 2021

WAT IS 'N SENIOR BURGER? 'n Senior Burger is iemand wat hier was voor die pil, voor vrieskos, televisie, kredietkaarte en bolpuntpenne. 'Hardware' was hammers, spykers, bonte en moere en 'sagteware' was nog nie eers 'n woord nie. Senior Burgers was hier voor droogdrup, skottelgoedwassers, pizzas en kitskoffie. Toe Senior Burgers jonk was het hulle getrou en dan saamgebly. Sigarette was 'n teken van klas, boom was 'n verfraaiing vir die tuin, dop was 'n ding om 'n eier en 'n agtermekeer kêrel het mens graag verwelkom by jou dogter. Senior Burgers is nogal taamlik harde mense – veral as mens dink hoeveel hulle moes aanpas by vandag se tyd!

MATRIEKUITSLAE ...

Die matriekresultate word jaarliks in die eerste week van Januarie vrygestel, maar weens Covid-19 is alles uitgerek en verleng en was die matriekeindeksamen eers afgehandel teen die 15de Desember. Hoërskool Heilbron matrieks van 2019 het daardie jaar die 23ste keer 100%

slaagsyfer behaal. Die skool se trots loop hoog en hoewel 2020 'n moeilike jaar was, vertrou ons Hoërskool Heilbron sal dit weer 'n keer regkry. Blykbaar is daar eers Maandag aan die vraeliste begin merk en voorlopig sal die matriekresultate beskikbaar wees 23 Februarie 2021.

Heilbron Herald

Vakante Betrekking

Rekenmeester / Boekhouer

Minimum kwalifikasie: Grand 12, maar verkieslik 'n BRek of BCom kwalifikasie. Kennis van debiteure, krediteure, grootboek, kasboek, BTW en PAYE. Hantering van SARS aanleenthede. Weeklikse fakturering aan kliënte en betalings van krediteure. Kennis van Pastel-sagteware sal tot u voordeel wees. Salaris word gehasseer op aansoek se ondervinding en kwalifikasies.

Sluitingsdatum: 15 Januarie 2021

Handig CV in by ons kantore te Elsstraat 44 of stuur na: abrio@heilbron.co.za

OUDE-HEILBRONNER OORLEDE

Voorheen takbestuurder van Senwes en later VKB op Heilbron. Dries Theron het ongeveer 3 jaar gelede verhuis terug Reitz toe, waar hy grootgeword het en daarna na Swellendam waar hy op 'n jong ouderdom weens Covid gesterf het. Dries was 'n geliefde en bekende Heilbronner vir ongeveer 6 jaar. Hier het sy kinders hulle skoolloopbaan begin en hy was vir 'n tydperk ook ouderling in die Moedergemeente. Dries se pa, Francois vertel aan Heilbron Herald dat Dries baie bemind was

en verskeie boodskappe veral uit die Heilbron gemeenskap gekom het oor sy vriendelikheid en nagedagtenis. In liefdevolle herinnering aan Dries Theron oorlede op 5 Januarie 2021 in die ouderdom van 43. Hy sal veras word en daarna sal die diens plaasvind op 22 Januarie 2021 te Swellendam. Daar word beoog om 'n gedenkdiens in Heilbron ook te hou, maar nog geen vaste reëlings is daarvoor getref nie. Hy laat na sy vrou Rinda, 2 dogters, een seun asook ander familie en vriende.



KERSLIG-KOMPETISIE

Kort voor kersfees het Heilbron Herald die inwoners van Heilbron die geleentheid gegee om te spog met hulle Feestydversierde huise wat elke jaar 'n treffer is.

In samewerking met Bonus Hardware, The Local Choice Platteland Apteek en Late-Nite Video is die wenner hierdie week aangekondig.

Deelnemers het hulle foto's na ons toe deurgestuur en "likes" kon daarvoor verwerf word.

Baie geluk aan die huis van Danie Hartzer, die wenner van die kompetisie! Hy het voorwaar die Feestyd uitgebeeld met sy versierings. Bokkies, kersfeesvaders, die tradisionele



stopstraat wat hy elke jaar versier en vele meer.

Dankie vir elkeen se deelname. Almal weet na kersfees is die kersprodukte op uitverkoop in die winkels, maak jou kersversierings somer nou al bymekaar, want daar word beoog om die kompetisie hierdie jaar

weer te loods.

Die wenner is self verantwoordelik om die geskenk te kom afhaal by Heilbron Herald. Dankie aan die borge vir die produkte wat van hulle ontvang is.

Op die foto: Danie en Rina Hartzer asook 'n foto van hulle versierde huis.

DIE "BETHLEHEM-STER"

In die berig "Sterre, Planete en passie" van 4 Desember 2020 het Lafras Smit die Heilbron Herald vertel van 'n verskynsel wat op daardie tyd vir die volgende twee weke dopgehou kon word, waar die twee grootste planete in die sonnestelsel met die blote oog die naaste nog aan mekaar te sien sal wees. Jupiter en Saturnus was vroeëand op 21 Desember in die weste 'n tiende van 'n graad uitmekaar. Die planeet was laas in 1623 so naby aan mekaar. Die verskynsel staan bekend as "die groot konjunksie", terwyl ander daarna as die "Kersster" verwys na aanleiding van die Bybelse verhaal van die Bethlehem-ster. Aangesien die verskynsel netby die Kerstyd was, was die Bethlehemster meer die media se vertolking van die twee planete se samekoms. Lafras vertel dat dit ongelukkig in ons omgewing bewolk was die



spesifieke aand en hy self nie dit afgeneem kon kry nie. Daar is nie

noemenswaardige verskynsels vroeg in die nuwe jaar nie.

SKYNET WORLDWIDE EXPRESS

Your Parcel, Our Priority

SEND OR COLLECT ANYWHERE IN SOUTH AFRICA

FROM R140.00

An international service is also available at very competitive prices

CONTACT YOUR LOCAL OFFICE HEILBRON DEPOT

YOUR CONTACT PERSON

Hazel Trotter
Tel: 087 527 0723
e-mail: Platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Street, Heilbron, 9650

SKYNET WORLDWIDE EXPRESS
www.skynet.co.za

HEILBRON BRANCH
087 569 7765

JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dierste)

WESNET

DIE BESTE BOD

BESTUURDER

P.L. Müller
018 965 9348

AFSLAER

Ian Grobelaar
068 965 6287

Frankfort/Rooibos/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjevillie/Rooibos

Fanie van Marrewijk
082 404 3127

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 488 7424

Valliers/Cornelia/Groothoek

Fanie van Marrewijk (Junior)
061 188 5882

Valliers/Cornelia/Groothoek

Pete Groenewald
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjevillie

HEILBRON BRANCH
087 569 7765



UIT DIE PEN

Ek het 2021 met 'n bittere dikbek ingegaan. Drie keer in dieselfde maand ontvang ek diens waaroor ek eerder wil stilbly. Maar stilbly kan ek nie. Dit was net te erg. Daar is hierdie bankgroep. Toe ek my eerste OTM kaart gekry het, was dit 'n BOB-T kaart. Ek gaan nie die naam van die bankgroep hier noem nie, maar indien jy ouer as 35 is, behoort jy ook te weet watter bankgroep hierdie kaart uitgereik het. Ek was my hele lewe (sover) by hierdie bank. My eerste salaris is daar inbetaal, ek het al 'n banklening moes aangaan toe ek my huis gekoop het, ek het die banklening al weer toegemaak toe ek my huis verkoop het. Ek het 'n spaarrekening daar en nog 'n paar ander items wat hulle aanbied. So drie jaar gelede kontak hulle my om na 'n "beter" opsie te skuif. Nou gaan ek my eie bankier hê, ek gaan baie van hulle aansporings ontvang (daardie bucks wat ophoop tot jy iets daarvan koop), en gaan dag en nag ge-"diens" word. En ek gaan natuurlik hope bankkoste betaal. Maar, word ek belowe, sou ek besluit om weer terug te keer na my oorspronklike opsie, sal alles weer wees soos wat dit was. Nadat ek dieselfde oproep

drie keer gehad het, besluit ek om dit te probeer.

Vir net oor die twee jaar is ek op hierdie bankopsie, totdat ek in September 2020 besluit dat ek nie regtig van al die voordele gebruik maak nie, en dat ek weer wil terugskuif na my oorspronklike opsie. Ek ontvang 'n e-pos waarin daar bevestig word dat ek nou gaan skuif. Met omtrent sesduisend bladsye (nie regtig nie, dit het net so gevoel) wat ek moet teken en weer terugstuur. Wat ek toe doen. 'n Paar weke daarna skakel iemand my om te hoor wanneer die debietorder moet deurgaang. *Waffer* debietorder, wil ek weet? Die ene wat elke maand na my kredietkaart toe gaan.

O, nee, jy verstaan nie mooi nie. Die ooreenkoms was dat ek na my oorspronklike opsie terugkeer soos wat dit was. Daar was nooit enige debietorder na my kredietkaart toe nie. En nee dankie, ek stel ook nie in een belang nie. So karring ons aan tot in begin Desember totdat ek my ongeluk *strip* (dis mooier gestel as wat regtig gebeur het) en vir hulle 'n e-pos stuur waarin ek vertel hoe lank ek al 'n deel van hulle bankgroep is, hoe ek my eie rekening bestuur het en nog nooit iets anders van hulle gevaar het behalwe die rente wat my dalk sou toekom. In ruil daarvoor hou hulle nie by hulle woord nie. En ja, ek sal my rekening skuif na een van daardie nuwe banke waar ek minimale bankkoste betaal. Nie dat dit 'n duik in hulle kapitaal sou maak nie, maar nogtans. Nog nie een keer het hulle al dankie gesê vir my lojale ondersteuning deur die 30 jaar plus nie.

Twee dae daarna skakel iemand my: ons is terug op dieselfde opsie waar ek oorspronklik was. En nee, ek hoef nie meer die debietorder te teken nie. Nouja, hoekom vat dit so lank?

Een dag, tussen Kersfees en

WEEK EEN VAN 2021

Nuwejaar, kom ek agter dat DSTV nie meer al die kanale op Catchup wys nie (toe ek skoolgehou het, het die meisies gepraat van Ketchup). Ek Google gou DSTV se nommer en skakel hulle. Hulle stuur vir my 'n sms om te sê dat hulle nou 'n WhatsApp nommer ook het. Ek moet net gou my probleem verwoord. Wat ek toe doen. "Hi, I am a chatbot. Here are your options:..." My opsie is nie daar nie.

Ek stuur weer my probleem.

"Hi, I am a chatbot..."

Ek skryf: "Get a human to answer this."

"I do not understand your option. I am a chatbot..." en net daar *strip* ek toe weer.

Ek kry 'n ander nommer en die damejier vertel dat dit sekerlik my dekodeerder is wat stukkend is. Hê, vra ek, hoe sal dit stukkend wees as dit steeds werk? O, sê sy, dan is dit seker omdat dit vol opgeneemde programme is. Regtig, vra ek, met nog 58% plek oor? Dit. Is. Nie. My. Fout. Nie. "But how can you say it is not your fault?"

Ek groet, maar nie vriendelik nie, en *re-boot* my dekodeerder wat toe alles oplot. Die derde keer was niks beter nie. Ek het al vir die afgelope vier jaar dieselfde kontrak by 'n rooi selfoonfirma. Elke paar maande bel hulle sodat ek moet opgradeer, totdat ek uiteindelik, op 9 Desember inwillig. Niks te *worrie* nie, hulle stuur vir my 'n kwotasie. My *inboks* bly leeg.

Op 31 Desember glip ek gou by die rooi winkel in. Dalk kan ek opgradeer en die nuwe jaar met 'n splinternuwe foon tegemoet bel. Die man pons my telefoonnommer op sy *neukenaartjie* en raai wat? My rekening is geblok want ek het nog nie op die kwotasie gereageer nie. Hy raai my aan om 'n nommer

te skakel en te vra om die blok te verwyder. Wat ek toe doen. Opsommend: na 27 minute kon niemand die persoon of die afdeling opspoor wat die e-pos vir my gestuur het nie. Wat ek nooit ontvang het nie. Nee, moenie bekommerd wees nie, hier stuur ons dit weer vir jou. Reageer gou daarop. *Dihuu*, ek kan nie nou nie wat ek is nie by 'n *neukenaar* nie. Maar kom jou e-posse nie op jou foon nie? Nee, want ek wil sielrus ook hê. En daar word ek afgesny. Ek probeer weer, hierdie keer is dit nie net my ongeluk wat ek gestrip het nie. Ek wil met jou bestuurder praat. Dadelik. O, waaroor? Ek probeer weer verduidelik. Maar dis nie ons afdeling nie. Ek geen nie om wie se *blêssit* afdeling dit is nie, ek wil met jou bestuurder praat. Dadelik. O, nee, ons bestuurder is baie besig. (As dit met klages is, kan ek dit heeltemal verstaan). Ek gee nie om nie, ek wil nou met hom praat. Nou.

Wag, dalk kan ek die blok verwyder, sê die mens aan die ander kant van die lyn. Ja, hier verwyder ek dit nou. Ek wil nog steeds dadelik moet jou bestuurder praat. O, ek sal dit na hom toe eskaleer, maar ek dink nie hy sal met jou wil praat nie. Ek dog my moermeter begin rook.

Later die aand, toe ek in die bed lê en die nuwe jaar tegemoet dink (sonder 'n nuwe selfoon) wonder ek hoekom ek so kwaad raak oor swak diens? Dalk omdat ek ook met kliënte werk en baie gesteld is op goeie diens. Wat my laat wonder: wat is fout met my?

BRIEWE VAN ONS LESERS

wat van daardie "kous" wat deur die nag by ons beddens gehang is met ons geskenkies! Dan het jy, as jy vroeg wakker geword, haastig uit die bed gespring, om te sien wat ons gekry het, wat in die "kous" gesit is. Wat 'n verrassing om te sien wat daar binne in is. Toe het ons die geringste ou geskenkie waardeer. Ons waardeer julle opoffering om vir ons so mooi te kom sing. Geseënde Christusfees vir julle almal.

Terloops, met my vorige bydrae het ek afgesluit met baie liefde van Heléne. Dit was vir almal wat oop harte en hande het.

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Namens almal wil ek baie dankie sê aan almal van die Dienssentrum, wat die 15de Desember, vir ons so mooi kom sing het! Dit was 'n baie mooi gedagte om aan te gedink het. Die ou kersliedere bly maar treffers! Dit het ons somer in die regte stemming gebring hier voor die

Christusfees! Ai, en hoe het dit my nie terug laat dink na my kinderdae in ons huis, toe pa en ma vir ons die "sterretjies" wat so mooi skitter, vir ons die dag voor Kersfees gegee het nie. Ek het onlangs gewonder of dit nog bestaan en daar kom al die sangers met elkeen in die hand. Ons het ook as kinders daardie "veilige klappers" gekry, wat nie soos "donderslae" geklink het nie! Wonderlike kinderjare gewees. En

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individu en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

9 Jan.	18 / 27	54% - donderbuie
10 Jan.	18 / 27	65% - donderbuie
11 Jan.	19 / 27	40% - donderbuie
12 Jan.	20 / 26	67% - kans vir reën
13 Jan.	16 / 24	54% - donderbuie
14 Jan.	15 / 28	40% - donderbuie
15 Jan.	15 / 27	60% - donderbuie
16 Jan.	16 / 27	40% - donderbuie
17 Jan.	16 / 28	55% - donderbuie
18 Jan.	16 / 28	55% - donderbuie
19 Jan.	14 / 26	Sonnig
20 Jan.	15 / 26	55% - Oggendbuie
21 Jan.	17 / 27	58% - Oggendbuie
22 Jan.	18 / 27	57% - Oggendbuie

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:

08:00 - 16:30

Elsstraat 42 HEILBRON
Tel: 058 853 0006

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
MAANDAE TOT VRYDAE - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

WINKELURE

Maandae - Donderdae:

07:30 - 17:00

Vrydae:

07:30 - 16:30

Saterdag:

08:30 - 13:00

Elsstr 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033



Verskeidenheid dagboeke en deskpads vir 2021 nog beskikbaar by Herald

Office National
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033



DIENSTE

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Andries Muller
072 447 7446

Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron



BLOEDSKENK DATUMS

26 Januarie 2021, 23 Maart 2021, 25 Mei 2021, 27 Julie 2021, 28 September 2021, 23 November 2021

Also donate blood in Phiritona this coming Monday on 11 January 2021
Relebohile Clinic - Boardroom
13:00 - 18:00



SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 041
Petro Meintjes 083 308 9159

KENNISGEWINGS

Late-Nite Video Heilbron

Afslag Pruys
Januarie is 'n arm-mans-maand, daarom gee ons 10% afslag op alle lekkergoed in voorraad. Slegs geldig tot 15 Januarie.



EKONOME VOORSPEL VIR 2021 NOG 'N MOEILIKE JAAR

Die jaar 2020 word beskryf as 'n moeilike jaar en ekonome voorspel dat 2021 selfs nog moeiliker kan wees. Verskeie mense het hul werke verloor, sakeondernemings moes sluit en die ekonomie het 'n knou gevat. Om 'n effektiewe begroting te gebruik om jou finansies goed te bestuur, verskaf 'n sterk fondasie vir jou finansiële

welstand. Hier is 'n paar wenke:

Skryf jou begroting neer of hou dit elektronies, Moenie dit net in jou kop hou nie.

Sluit al jou inkomstes en uitgawes in. Let op of jy meer spaander as wat jy ontvang.

Dit is belangrik om te begroot om te spaar. Dit kan ook gebruik word om jou skuld

te betaal.

Bepaal wat is jou uitgawes waaronder jy kan oorleef. (vermaak, haarkapper, lekkergoed, ensovoorts)

Neem jaarlikse inflasie en verhogings in ag. (Mediese fondse en versekering)

Begroot vir eenmalige uitgawes soos hernuings, lisensies en skoolbenodigdhede.

Werk slim met jou finansies en oorweeg om jou stokperdjie in 'n inkomste-genererende bron te omskep. Wees op die uitkyk om ander mense se dienste of produkte te bemark. Jy kan self jou kennis en ervaring gebruik om 'n kursus vir iemand anders daarin aan te



bied. Ongeag hoe klein jou inkomste is, dit is 'n stap in die regte rigting.

HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

80x50mm volkleur advertensie vir 4 weke
as jy 'n een jaar kontrak taken om in die Heilbron Herald te adverteer

Kontak heraldnews@heilbron.co.za vir meer inligting
Besprekings moet geplaas word voor 31 Januarie 2021. Bepalings en voorwaardes geld.

R750 P/M ...jy bespaar R410 P/M

PERSONALISED SCHOOL LABELS

Choose from our theme range & print your school labels with your name on it!

Starter Label Pack 95 x Stickers - R200
25 x Colour Book Labels (cutlines)
60 x Wrap-around Pen & Pencil Labels (cutlines)
20 x Multi Purpose Labels (cutlines)
10 x Round Multi Purpose Labels (cutlines)
2 x Bag Tag with Keyring (cutlines)
1 x Permanent Marker

Mini Label Pack 50 x Stickers - R100
10 x Colour Book Labels (cutlines)
25 x Wrap-around Pen & Pencil Labels (cutlines)
5 x Multi Purpose Labels (cutlines)
10 x Round Multi Purpose Labels (cutlines)
1 x Bag Tag with Keyring (cutlines)
1 x Permanent Marker

Super Label Pack 150 x Stickers - R250
60 x Colour Book Labels (cutlines)
60 x Wrap-around Pen & Pencil Labels (cutlines)
30 x Multi Purpose Labels (cutlines)
20 x Round Multi Purpose Labels (cutlines)
4 x Bag Tag with Keyring (cutlines)
1 x Permanent Marker

POSTNET HEILBRON

- International Courier
- Domestic Courier
- Copy & Printing
- Packaging & Stationary
- Internet Time Rental
- Mailboxes
- CV Typing
- ID Photos

© 42 Els street, Heilbron ☎ heilbron@postnet.co.za ☎ 058 853 0006 ☎ 064 988 6078

Copy & print Digital Courier Stationery Mailboxes

Office National BACK TO SCHOOL

GET SCHOOL STATIONERY NOW!

44 Els Street Heilbron
Tel: 058 852 3033

President Cyril Ramaphosa het die 28ste Desember te midde van die tweede vlaag Covid-19 infeksies, verskerpte maatreëls aangekondig in die poging om die virus te bekamp. Suid-Afrika is teruggeskuif na vlak 3 van die afsonderingsreëls en die nuwe bepalings geld op hierdie stadium tot 15 Januarie 2021. Die jongste getalle toon dat daar 1 149 591 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 31368 en reeds 929 239 mense het van die virus herstel. Daar is tans 1579 positiewe gevalle aangemeld vir Ngwathe.

Tydens die Feesseisoen het Dr. Lood Spies op Facebook aangekondig dat hy self van 21-23 Desember sewe positiewe gevalle getoets het in Heilbron.

Heilbron polisiestasie was ook gesluit van 30 Desember tot 1 Januarie vir dekontaminasie. Op 6 Januarie is daar 'n media-vrystelling deurgegee dat Koppies Gemeenskap Gesondheid-Sentrum gesluit is en sal her-open Maandag, 11 Januarie. Die kliniek moet gesaniteer word weens van die personeel positief getoets het vir Covid-19.

Van die nuwe ingrypendste

maatreëls sluit in:

Die opskort van alle drankverkope. Nagklubs en ondernemings wat drank verkoop of vervoer mag nie so doen nie.

Alle binne- en buitebyeenkomste is opgeskort en slegs begrafnisse mag voortgaan met slegs 50 mense. Die aandklokkeel geld van 21:00 tot 06:00

Alle nie-noodsaaklike ondernemings moet om 20:00 sluit Die dra van 'n masker in die openbaar is verpligtend.


Diegene wat nie 'n masker dra wat die mond en neus bedek nie, word gesien as kriminele oortreder. Mense wat nie maskers dra nie, kan vervolgd word en indien skuldig bevind, kan tronkstraf of 'n boete opgelê word.

Soos berig deur Maroela Media is daar aangekondig dat die eerste 1,5 miljoen dosisse entstof teen Covid-19 reeds vir Suid-Afrika aangekoop is, waarvan die eerste miljoen voor 31 Januarie reeds in die land sal wees.

Werkers in sowel die openbare en privaat mediese sektor sal eerste gehelp word en daarna mense ouer as 60 jaar, dan diegene met onderliggende siektes.

Gaan lees die volle wet gepubliseer in die staatskoerant.

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEE



TERUGBLIK

Heilbron Herald, Vrydag 2 Maart 2001 – Kleuterkasteel stel rekenaars aan Kleuters bekend. Teen geen ekstra koste vir ouers nie, bied Kleuterkasteel aan kleuters die geleentheid om rekenaarvaardig te raak. Op die foto verskyn Sanette Strydom, een van die Graad-R-kleuters.

Die eerste rekenaars was groot en duur toestelle, en slegs groot maatskappye kon dit aankoop. Die eerste persoonlike rekenaar was die Altair 8800, vervaardig in 1975. Die Tweede Wêreldoorlog het egter baie van die navorsing

verskaf in rekenaartegnologie, veral vir toepassings in kriptografie. Van die eerste rekenaars is tydens oorlogtoestande gebruik om geheime kodes te ontfel. Na die oorlog is rekenaars toenemend vir staats- en korporatiewe dataverwerking gebruik om inligting voort te bring. Die einde van die 20ste eeu is gekenmerk deur vooruitgang in netwerktegnologie en die mate waartoe dit algemeen in gebruik gestel is. Kort daarna is dit in gebruik geneem by Kleuterkasteel in Heilbron.

DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Paulina Mnqunu Serati** oorlede op 30 Desember 2020 in die ouderdom van 73. Die diens sal plaasvind op 9 Januarie 2021 en word begrawe op die Dorpsbegravingplaas. Sy laat na haar familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Sethaba Gift Thabelo** oorlede op 2 Januarie 2021 in die ouderdom van 26. Die diens sal plaasvind op 9 Januarie 2021 en word begrawe op Petrus Steyn. Hy laat na sy familie en vriende.



Vakansiepret

		7		2				
6		1	9	5				4
	4							
8	5		6		4		7	3
	7						4	
2	3		7		9		5	6
							3	
				9	7	2		1
	6		3			5		

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

HERALD

GRASSNIERS SUKKELOM VOOR TE KOM

Die golfbaan op Heilbron se grasbedekking is die mooiste in jare. “Die reën is soos ons hom ken in die ou jare”, dis volgens Thys Ramapia, die klub se bekroonde baanopsigter. Met die baie gras wat gesny moet word, het die trekker ook “Covid” opgetel en is tans in ICU. Dus gaan Saterdag se skoonvelde bietjie

langer wees as wat hulle moet wees vir die HBA mug wat aangebied word.

Die baan is nog oop vir spel, maar alles kan verander na die woorde “My fellow South Africans”. Spel begin Saterdag om 11:00 en sal die voorlopige jaarbeplanner volgende week bekend gemaak word na afloop van die komiteevergadering.



**Up To A1 Scanning
Now Available**

A4: R3.50
A3: R7.00
A2: R16.00
A1: R21.00

Rates exclude any printing.
All rates include VAT.

Heilbron Herald
Large Format Division

058 852 3033
heraldgraphics2@heilbron.co.za

Your Parcel, Our Priority **SKYNET**
WORLDWIDE EXPRESS

**SEND OR COLLECT
ANYWHERE IN
SOUTH AFRICA**

**FROM
R140.00**

An International
Service is also
available at very
competitive prices

**CONTACT YOUR LOCAL OFFICE
PETRUS STEYN DEPOT**

**YOUR CONTACT
PERSON**
Elisabé Kruger
Tel: 073 959 4000
e-mail: chantalcliers321@gmail.com

SKYNET
WORLDWIDE EXPRESS
www.skynet.co.za
0000

Indien u enige nuus vir
die Heilbron Herald het
kontak Silma Petzer
kantoorure 058 852 3033.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIJKSTE veilinge

DINSdag - 12 JANUARIE 2021

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

ROODEDRAAI 2-Maandelikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

WOENSDag - 13 JANUARIE 2021

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DONDERDag - 14 JANUARIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VRYDag - 15 JANUARIE 2021

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**BKB
LOUID**

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

WINKELURE

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00



Elsstraat 44, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033

F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

**BRAKES
&
CLUTCHES**

**HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074
Ruan : 072 176 4206
Thinus : 079 544 8096

Parts : 072 684 3861
Landline : 058 813 1206
Email : ftcfrankfort@gmail.com